

# Rekenaarkunde



*“Die wêreld beweeg so vinnig dat ’n man wat sê: ‘Dit kan nie gedoen word nie’ dikwels in die rede geval word deur iemand wat dit reeds gedoen het.”*  
- Elbert Hubbard

**Doelwit:** Om die Verkenner kundigheid met betrekking tot mikrorekenaars aan te leer en om die praktiese aanwending daarvan te stimuleer.  
**Weergawe:** 2007.0  
**Datum:** Augustus 2007

## Begroning:

**Voortrekkerkode:** 8. 'n Voortrekker neem leiding.  
9. 'n Voortrekker is oplettend en weerbaar.  
10. 'n Voortrekker is diensvaardig.

**ABC:** Deur die opdragte wat die Verkenner uitvoer sal hy tot diens van sy span of kommando wees. Hy sal die kans kry om homself en ander mense te bemagtig om deur die gebruik van rekenaartegnologie tot diens van Die Voortrekkers te wees en moontlik vir homself 'n plek in die samelewing of die arbeidsmark verseker.

## Aanbiedingsvereistes:

<b>Tydsduur:</b>	6 maande	<b>Graadgroep:</b>	8 - 11
<b>Voorvereistes:</b>	Geen		
<b>Aanbieding:</b>	<ul style="list-style-type: none"><li>• Die spesialisasie kan individueel of in spanverband afgehandel word.</li><li>• Die spanoffisier en die kommando se Verkennerkornet moet saam die uitkoms evalueer deur 'n kort onderhoud met hom te voer en 'n voorlegging deur die Verkenner te evalueer. Daar moet ook terugvoer vanaf die span of kommandodagbestuur verkry word in verband met die projek. Die Verkenner moet van goeie Afrikaanse terme gebruik te maak.</li></ul>		
<b>Toekennings instansie:</b>	Kommando		

## Uitkomst

Om die kenteken te verwerf moet die Verkenner:

1. Die verskille tussen die terme rekenaar, apparatuur, data en programmatuur verstaan en verduidelik.
2. Al die hoofdele en vernaamste onderdele van 'n mikrorekenaar kan uitken en die doel en gebruik daarvan verduidelik.
3. 'n Mikrorekenaarinstallasie kan ontkoppel vir vervoer en weer koppel vir gebruik.
4. Die vernaamste instruksies van een van die bedryfstelsels Windows, Linux of Apple Mac OS X ken, met spesiale klem op die volgende:
  - 4.1 Die aanskakel en werksvoorbereiding van die mikrorekenaar.
  - 4.2 Die formatering van skywe.
  - 4.3 Die gebruik en hantering van gidse (“directories”).
  - 4.4 Kopiëring van data en CD/DVD's.
5. Weet wat bedoel word met die term 'n Office- of Suitepakket (byvoorbeeld MS Office, Open Office, Lotus SmartSuite, Corel WordPerfect Office).
6. Weet wat bedoel word met die terme woordverwerking, sigblad, databasis en voorlegging (rekenaar skyfievertoning) programmatuur en die volgende opdragte uitvoer:
  - 6.1 'n Woordverwerker gebruik om 'n eenvoudige brief te tik, foute reg te maak, die skrif en paragraaf formaat te verander en die dokument uit te druk.



# Rekenaarkunde



- 6.2 'n Sigblad ("spreadsheet") kan gebruik en die data daarbinne kan manipuleer. Maak 'n sigblad wat die statistiek van julle kommando se lede oor die afgelope 5 jaar weerspieël asook 'n grafiek van die aantal lede in julle kommando oor die tydperk.
7. Foto's vanaf 'n digitale kamera kan aflaai op 'n rekenaar.
8. Die basiese begrippe van die internet verstaan en
- 8.1 'n Websoekfasiliteit kan gebruik om websoektogte uit te voer.
- 8.2 E-pos kan stuur en ontvang.
- 8.3 Weet en verstaan wat die gevare/risiko's van internet gebruik is.
- 8.4 Weet wat gratis programmatuur ("freeware"), deelprogrammatuur ("shareware") en oop bron programmatuur ("open source") is.
9. 'n Basiese begrip van kopiëreg hê.
10. Kennis dra oor rekenaarvirusse en weet hoe om dit te keer.
11. Kennis dra oor rekenaar spioenasieprogramme ("spyware") en weet hoe om dit te keer.
12. Wikipedia (Engels en Afrikaans) kan gebruik.
13. Afrikaanse terme vir al die mees gebruikte rekenaarterme ken en gebruik.
14. **Een** van die volgende vier take vir 'n tydsduur van **6 maande** suksesvol uitvoer:
- 14.1 Span administrasie - deur van woordverwerking, sigblaaie of databasisse gebruik te maak:
- a. 'n Databasis of sigblad maak van al die spanlede met hulle kontakbesonderhede, aktiwiteite wat hulle bywoon en spesialisasies wat hulle afgehandel het. Hierdie databasis of sigblad moet op datum gehou word.
- b. 'n Briefhoof vir die span ontwerp wat vir alle korrespondensie in die span gebruik kan word, die ontwerp moet deur die span goedgekeur word. Die briefhoof moet dan as 'n vormbrief in die woordverwerker geskep word vir gebruik.
- c. Die span se spanoffisier moet met rekenaarprobleme en -opleiding ondersteun en bystaan.
- 14.2 Kommando administrasie
- a. 'n Briefhoof vir die kommando ontwerp wat vir alle korrespondensie deur die kommando gebruik kan word. Die ontwerp moet deur die kommandobestuur goedgekeur word. Die briefhoof moet dan as 'n vormbrief in die woordverwerker geskep word en aan die kommandodagbestuurlede gegee word vir gebruik. (Let op die standaard riglyne van Die Voortrekkers in verband met skrifteipes en uitleg van byvoorbeeld wapens - die inligting kan by die kommandosekretaris verkry word.)
- b. Die kommandodagbestuur met rekenaarprobleme en -opleiding ondersteun en bystaan.
- 14.3 Spanwebblad
- a. 'n Basiese webblad vir die span saamstel.
- b. Die basiese blad se ontwerp en inhoud moet deur die span goedgekeur word.
- c. Die webblad moet op 'n bediener geplaas word sodat dit toeganklik vir enige internet gebruiker is. (Kontak jou gebied se webmeester by [www.voortrekkers.org.za](http://www.voortrekkers.org.za) vir bedienerspasie.)
- d. Die webblad moet onderhou word en jy moet jou spanoffisier of 'n spanmaat leer hoe om die blad te onderhou.
- 14.4 Kommandowebblad
- a. 'n Basiese webblad vir die kommando saamstel.
- b. Die basiese blad se ontwerp en inhoud moet deur die kommando se dagbestuur goedgekeur word.
- c. Die webblad moet op 'n bediener geplaas word sodat dit toeganklik vir enige internet gebruiker is. (Kontak jou gebied se webmeester by [www.voortrekkers.org.za](http://www.voortrekkers.org.za) vir bedienerspasie.)
- d. Die webblad moet onderhou word en jy moet 'n offisier deur die kommando dagbestuur aangewys, leer hoe om die blad te onderhou.

## Wenke:

### Gratis programmatuur

- Jy kan by <http://www.openoffice.org/> Open Office gratis aflaai en gebruik om van die opdragte hierbo mee uit te voer.
- Om web bladsye te maak kan jy gaan kyk na <http://www.coffeecup.com/free-editor/> of <http://www.htmlkit.com/>
- By die blad <http://www.ornj.net/> is ook baie handige webblad programmatuur.

### Internet

- Gebruik die internet om meer uit te vind hoe om sekere goed te doen.
- By <http://en.wikipedia.org/>, 'n internet ensiklopedie, kan jy ook heelwat definisies vir rekenaarterme in Engels opsoek.

